LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

# Goedes Nuusbrief

NUUSBRIEF 30/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Genade is God se guns

"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." - Matt 6:33. Ons lees hierdie in Jesus se bergrede waar hy vir sy dissipels 'n paar baie belangrike beginsels wil leer. Jesus weet ons as mens het baie bekommernisse, dit is in ons natuur om ons te bekommer oor die dag van môre. Die probleem wat ons egter het, ons sukkel soms om ons eie prioriteite te bepaal van wat belangrik is, en wat nie. God is 'n liefdevolle vader wat net soos 'n goeie aardse vader in die behoeftes van Sy kinders wil voorsien. God is egter reeds by môre, maar ons weet nie wat die dag van môre inhou nie. Daarom lees ons hierdie. Soek eers God se wil, beywer jouself vir dit wat vir God belangrik is, God sal dan in jou behoeftes op wonderbaarlike wyse voorsien. Ons moet egter versigtig wees om nie aan die een kant spandabelrig te lewe en dan aan die anderkant van God te verwag om te voorsien nie. Mag u elkeen God soek in u daaglikse doen en late en dan die geloof hê om op God te vertrou en te wag sodat Hy ook in ons behoeftes kan voorsien.

## Goegieland

Baie dankie vir almal se deelname aan ons Bok-Vrydag – dit was heerlik om saam die gees van rugby en trots te vier!

- **Graad R Gradeplegtigheid-foto's**

Onthou asseblief dat bestellings 30 September 2025 sluit. Vorms is reeds in die maats se kletsboeke.

- **Skoolgereedheidstoetse**

Skoolgereedheidstoetse is hierdie week afgehandel. Me. Louise Whitlock van Me. Ronél Sadie se praktyk sal alle leerders wat getoets is se ouers persoonlik kontak vir terugvoergesprekke en verslae.

- **Ontbyt voor skool**

Ons vra asseblief dat alle maatjies iets eet voor skool. 'n Gesonde ontbyt help hulle om die dag energiek en gefokus te begin.

- **Kleuterskoolhekkie**

Die hekkie by die kleuterskool word stiptelik om 08:00 gesluit. Indien jy ná hierdie tyd arriveer, gebruik asseblief die kantoor-ingang.

- **Geen lekkers gedurende die week**

Ons herinner u dat geen lekkergoed gedurende die week toegelaat word nie – dit sluit Biekie Skool in. Lekkers word slegs op Vrydae toegelaat.

- **Geen speelgoed by die skool of Biekie Skool**

Speelgoed mag asseblief nie skool toe gebring word nie. Die skool neem geen verantwoordelikheid indien dit wegraak of breek nie.

Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 15 September 2025

- Krieket vs LS Trichardt o/9 (Tuis)
- Tennis Gert Sibande Semi Finaal
- Hokkieliga o/10 & o/11 S vs LS TP Stratten

### 16 September 2025

- Toets: Engels
- Krieket vs LS Kragbron o/10 (Weg), o/11 (Tuis)
- Hokkieliga o/12 & o/13 S vs LS TP Stratten

### 18 September 2025

- Krieket vs LS Kragbron o/12 (Weg), o/13 (Tuis)

## Revue

Hop Hop... Nee nie Spinnekop, maar Hop Hop AFRIKAANS MET SKOP... is amper op die planke! Dagboek die datums.. 30 September 2025 en 1 Oktober 2025 te Kruik! Dis 1,2,3 en jy koop 'n kaartjie vir die nostalgiese aand. Volg net die skakel en dan sien Goedehoop se dans guru's jou daar!! Geen kontant word aanvaar by die voogde. Opskud tyd raak min!

**Die Skakel**

**Afrikaans met Skop**



# Dankbaarheid

Ons is hierdie week dankbaar vir gesonde lyfies met arms en bene.




# Mini-Tennis

Graag nooi ons julle uit na 'n Mini-Tennisafrigtingskliniek, aangebied deur Annamarie Meyer op Vrydag, 19 September 2025.

Plek: LS Goedehoop Tennisbane
Tyd: 14:00 tot 15:30
Koste: R160/speler
Spelers ontvang 'n medalje en die kleredrag is Mooi-mooi's.


# Bergfiets


Tydens Saterdag, 6 September 2025 se finale wedren by Mankele, Mbombela, het ons leerders in hul massas opgedaag. Ons is vreeslik trots op elke ryer wat deur gedruk het tot die einde toe! Goedehoop spog met 'n fenominale span, wat 'n algehele derde plek in Mpumalanga, as skool bereik het! Baie geluk aan die volgende leerders wat ook onder die eerste tien plekke geëindig het! Ons skool spog ook dan met 4 leerders wat Goedehoop by die Interprovinsiale wedren gaan verteenwoordig, 10 tot 12 Oktober 2025 te Tzaneen. Hulle is Nipper Seun - Stephen Mouton, Nipper Dogter - Wiané van der Berg, Sprog Seun - Sebastiaan Matthee, Sub-Junior Dogter - Monique Phillips. Erik du Plessis, Marisa Mouton en Lumé Storm ry vir die Mpumalanga span.

















**SUB-NIPPERS (o/6 - o/8)**

Gabriella Matthee - 8ste
Améja Dalgleish - 9de
Luan Niewoudt - 10de

**NIPPERS (o/9 - o/10)**

Wiané van den Berg - 9de
Erik Du Plessis - 10de

**SPROGS (o/11 - o/12)**

Sebastiaan Matthee - 6de
Lumé Storm - 6de
Marisa Mouton - 7de

**SUB-JUNIORS (o/13)**

Monique Phillips - 5de

**MPUMALANGA INDIVIDUELE PRESTASIES**

Marisa Mouton - 3de in MPU
Erik du Plessis - 2de in MPU
Lumé Storm - 2de in MPU




| 15 Sept | 16 Sept | 17 Sept | 18 Sept | 19 Sept | 20 Sept | 21 Sept |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Duvan Kruger | Siané Smith<br>Manny Neto | | | Amelia Loots<br>Reinhardt Jv Rensburg<br>Kayla Coetzee | Lumandri Nel<br>Loudan Botha | |

## Hokkie

Baie geluk aan die o/12-hokkiedogters wat deurgedring het na die Regionals wat plaasvind op 12 en 13 September 2025. Ons is trots op julle!




## Krieket

Hierdie week het die krieketspanne kragte gemeet teen LS Kanonkop in hul ligawedstryde vir die seisoen. Die o/10's wen met 6 paaltjies. Jason Hartzenberg neem 5 paaltjies vir 15 lopies. Die o/11-krieketspan wen met 133 lopies, Clayton Schreuder slaan 65 lopies van 62 balle. Die o/12's wen met 7 paaltjies, Jayden van Aswegen slaan 88 lopies van 75 balle nie uit nie. Die o/13-span wen met 2 paaltjies.










LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr. Gawie van Niekerk
Prinsipaal







# Die Skakel

## Warrior Princesses & Friends

